Die dosis varieer na gelang van die tipe en erns van bloedings. As riglyn word 'n aanvanklike dosis van 4,5 KIU (90 µg) per kg liggaamsgewig aanbeveel. Die frekwensie van dosering moet aanvanklik elke tweede uur wees totdat kliniese

[no notes on this page]

verbetering waargeneem word. As voortgesette terapie aangewese is, kan die dosis-tussenpose verhoog word na 3 uur vir 1 - 2 dae. Daarna kan die dosis-tussenpose opeenvolgend verhoog word na elke 4, 6, 8 of 12 uur vir so lank as wat behandeling geoordeel word aangewese te wees.
'n Groot bloedingepisode kan vir 2 - 3 weke behandel word, maar kan langer as dit verleng word indien dit klinies regverdigbaar is.

(ii) *Chirurgie/indringende prosedure:*

'n Aanvanklike dosis van 4,5 KIU (90 µg) per kg liggaamsgewig moet onmiddellik voor die prosedure toegedien word. Die dosis moet na 2 uur herhaal word en dan teen tussenposes van 2 - 3 uur vir die eerste 24 – 48 uur, afhangende van die chirurgie wat uitgevoer word en die kliniese status van die pasiënt.

In groot chirurgie moet dosering voortgesit word teen tussenposes van 2 - 4 uur vir 6 - 7 dae. Die dosis-tussenpose kan dan verhoog word na 6 - 8 uur vir 'n verdere twee weke van behandeling. Pasiënte wat chirurgie ondergaan, kan vir tot 2 - 3 weke behandel word totdat genesing ingetree het.
Vir pasiënte met faktor IX-inhibitors of verworwe teenliggaampies op faktor VIII, is ervaring met die gebruik van NovoSeven® beperk tot slegs klein chirurgie.

(iii) Ligte tot matige bloedingepisodes (insluitend behandeling by die huis):

Daar is getoon dat vroeë intervensie doeltreffend werk vir die behandeling van ligte tot matige gewrigs-, spier- en mukokutane bloedings.

Twee doseringregimens kan aanbeveel word:

1. Een tot drie inspuitings van 90 µg (4,5 KIU) per kg liggaamsgewig toegedien teen tussenposes van 3 uur. Indien verdere behandeling vereis word, kan een addisionele dosis van 90 µg per kg liggaamsgewig toegedien word.

[no notes on this page]

2. Een enkele inspuiting van 270 µg per kg liggaamsgewig.

Die duur van tuisbehandeling moet nie 24 uur oorskry nie.

Dosering in kinders

Huidige kliniese ervaring regverdig nie 'n algemene differensiasie in dosering tussen kinders en volwassenes nie, alhoewel kinders 'n vinniger opruiming as volwassenes het. Derhalwe kan hoër dosisse van rFVIIa dalk in pediatriese pasiënte nodig wees om soortgelyke plasmakonsentrasies as in volwasse pasiënte te bewerkstellig.

Faktor VII-gebrek

Die aanbevole dosisreikwydte vir die behandeling van bloedingepisodes en vir die voorkoming van bloeding in pasiënte wat chirurgie of indringende prosedures ondergaan, is 15 – 30 µg per kg liggaamsgewig elke 4 – 6 uur totdat hemostase bewerkstellig word. Die dosis en frekwensie van inspuitings moet vir elke individu aangepas word.

Glanzmann se trombastenie

Die aanbevole dosisreikwydte vir die behandeling van bloedingepisodes en vir die voorkoming van bloeding in pasiënte wat chirurgie of indringende prosedures ondergaan, is 90 µg (reikwydte 80 - 120 µg) per kg liggaamsgewig teen tussenposes van twee uur (1,5 – 2,5 uur). Minstens drie dosisse moet toegedien word om doeltreffende hemostase te bewerkstellig. Die aanbevole roete van toediening is bolusinspuiting, aangesien gebrek aan doeltreffendheid in verband met aanhoudende infusie kan voorkom.

[no notes on this page]

Vir pasiënte wat nie refraktêr is nie, is plaatjies die eerstelynse behandeling vir Glanzmann se trombastenie.

Verworwe hemofilie

NovoSeven® moet so gou moontlik na die aanvang van 'n bloedingepisode toegedien word. Die aanbevole aanvanklike dosis, toegedien deur middel van bolusinspuiting, is 90 µg per kg liggaamsgewig. Na die aanvanklike dosis van NovoSeven® kan verdere inspuitings toegedien word indien nodig. Die duur van behandeling en die tydsverloop tussen inspuitings sal varieer na gelang van die erns van die bloeding, die indringende prosedures of die chirurgie wat uitgevoer word. Die aanvanklike dosis-tussenpose behoort 2 – 3 uur te wees. Sodra hemostase bewerkstellig is, kan die dosis-tussenpose daarna verhoog word na elke 4, 6, 8 of 12 uur, vir so lank as wat dit as aangewese geoordeel word.

NovoSeven®-poeier in flessie/Histidien-oplosmiddel in voorafgevulde spuit:

Hersamestelling:

Gebruik altyd 'n aseptiese tegniek

- Die NovoSeven®-poeierflessie en voorafgevulde spuit met oplosmiddel moet by kamertemperatuur wees vir hersamestelling. Verwyder die plastiekdeksel van die flessie. As die deksel los is of ontbreek, moenie die flessie gebruik nie. Vee die rubber stopper op die flessie af met 'n steriele alkoholdepper en laat dit vir enkele sekondes droog word voor gebruik. Moenie weer aan die rubber raak nadat dit afgevee is nie.
- Verwyder die beskermende papier van die flessiepasstuk. Moenie die flessiepasstuk uit die beskermende hoedjie haal nie. As die beskermende papier nie ten volle verseël is nie, of gebreek is, moenie die flessiepasstuk gebruik nie. Draai die beskermende hoedjie en knip die flessiepasstuk op die

[no notes on this page]

flessie vas. Druk die beskermende hoedjie liggies tussen die duim en voorvinger vas. Verwyder die beskermende hoedjie van die flessiepasstuk.

- Skroef die suierstafie kloksgewys in die voorafgevulde spuit in totdat weerstand gevoel word. Verwyder die spuit se deksel van die voorafgevulde spuit deur dit af te buig totdat die perforasie breek. Moenie aan die spuit se punt onder die spuit se deksel raak nie. As die spuit se deksel los is of ontbreek, moenie die voorafgevulde spuit gebruik nie.
- Skroef die voorafgevulde spuit ferm aan die flessiepasstuk vas totdat weerstand gevoel word. Hou die voorafgevulde spuit effens gekantel met die flessie wat ondertoe wys. Maak seker om nie die stroom van oplosmiddel reguit op die NovoSeven®-poeier te mik nie, want dit sal skuim veroorsaak. Druk die suierstafie om al die oplosmiddel in die flessie te spuit. Hou die suierstafie afgedruk en draai die flessie saggies totdat al die poeier opgelos is. Moenie die flessie skud nie, want dit sal skuim veroorsaak.

As 'n hoër dosis benodig word, herhaal die prosedure met bykomende flessies, voorafgevulde spuite en flessiepasstukke.

Die NovoSeven®-hersaamgestelde oplossing is kleurloos en moet voor toediening visueel ondersoek word vir partikels en verkleuring.

Daar word aanbeveel dat NovoSeven® onmiddellik na hersamestelling gebruik word.

As dit nie onmiddellik gebruik word nie, is bewaringstyd en bewaringstoestande voor gebruik die verantwoordelikheid van die gebruiker, en moet nie langer as 24 uur teen 2 °C tot 8 °C wees nie, tensy hersamestelling onder beheerde en gesertifiseerde aseptiese toestande plaasgevind het.

[no notes on this page]

Toediening

- Hou die suierstafie heeltemal ingedruk. Draai die spuit met die flessie onderstebo. Hou op om die suierstafie te druk en laat dit vanself terug beweeg terwyl die hersaamgestelde oplossing die spuit vul. Trek die suierstafie effens ondertoe om die gemengde oplossing in die spuit in te trek. Terwyl die flessie onderstebo gehou word, tik die spuit liggies om enige lugborrels boontoe te laat styg. Druk die suierstafie stadig totdat alle lugborrels verdwyn het.

As die hele dosis nie vereis word nie, gebruik die skaal op die spuit om te kyk hoeveel gemengde oplossing uitgetrek is.

- Skroef die flessiepasstuk met die flessie af.
- NovoSeven® is nou gereed vir inspuiting. Bepaal 'n geskikte plek en spuit NovoSeven® stadig in 'n aar oor 'n tydperk van 2 – 5 minute, sonder om die naald uit die inspuitingplek te verwyder.

Gooi gebruikte materiaal veilig weg. Enige ongebruikte produk of afvalmateriaal moet volgens die instruksies van u professionele lid van die mediese beroep weggedoen word.

Newe-effekte en spesiale voorsorgmaatreëls

Newe-effekte

Kliniese proewe wat in 484 pasiënte (insluitend 4297 behandelingsepisodes) met hemofilie A en B, verworwe hemofilie, faktor VII-gebrek en Glanzmann se trombastenie uitgevoer is. het getoon dat nadelige reaksies algemeen is (≥1/100

[no notes on this page]

tot <1/10). Omdat die totale aantal behandelingsepisodes benede 10 000 is, is die laagste moontlike frekwensie van nadelige/ongewenste reaksies wat toegewys kan word, seldsaam (≥1/10 000, <1/1000).

Die algemeenste nadelige reaksies is pireksie en uitslag, en die ernstigste nadelige reaksie is tromboëmboliese voorvalle.
Die frekwensie van beide ernstige en nie-ernstige nadelige reaksies word in die tabel hieronder volgens stelseloorgaanklas aangedui:

Stelseloorgaanklas	**Newe-effekte**
Bloed- en limfatiese versteurings	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Gedissemineerde intravaskulêre stolling en verwante laboratoriumbevindings, insluitend verhewe vlakke van D-dimer en verlaagde vlakke van AT-III • Koagulopatie
Immuunstelsel-versteurings	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Hipersensitiwiteit *Onbekend • Anafilaktiese reaksie
Gastroïntestinale versteurings	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Naarheid
Senuweestelsel-versteurings	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Hoofpyn
Vaskulêre versteurings	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Arteriële tromboëmboliese voorvalle: (miokardiale infarksie, serebrale infarksie, serebrale iskemie, serebrale arterie-okklusie, serebrovaskulêre ongeval, renale

[no notes on this page]

	arterie-trombose, perifere iskemie, perifere arteriële trombose en intestinale iskemie) • Angina pectoris Ongewoon (≥1/1000, <1/100) • Veneuse tromboëmboliese voorvalle: (diep-aar-trombose, trombose by i.v. plek, pulmonêre embolisme, tromboëmboliese voorvalle van die lewer, insluitend portale-aar- trombose, renale-aartrombose, tromboflebitis, oppervlakkige tromboflebitis en intestinale iskemie *Die frekwensie van arteriële tromboëmboliese voorvalle in pasiënte met verworwe hemofilie is algemeen (≥1/100 tot <1/10).* Onbekend • Intrakardiale trombus
Versteurings van die vel en subkutane weefsel	Ongewoon (≥1/1000, <1/100) • Uitslag (insluitend allergiese dermatitis en eritematose uitslag) • Pruritus en urtikaria *Onbekend • Gloede • Angioedeem
Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening	Ongewoon (≥1/1000; <1/100) • Afname in terapeutiese reaksie (Dit is belangrik om behandeling met NovoSeven® ingevolge die aanbevole dosering toe te dien.) • Pireksie

[no notes on this page]

	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Reaksie by die inspuitingplek, insluitend pyn by die inspuitingplek
Ondersoeke	Seldsaam (≥1/10 000, <1/1000) • Verhoging in die vlakke van alanien-aminotransferase, alkalienfosfatase, laktaatdehidrogenase en protrombien is al aangemeld • Toename in fibrien-afbreekprodukte

**Nadelige reaksies wat slegs ná bemarking aangemeld is (d.w.s. nie in kliniese proewe nie) word voorgehou met 'n onbekende frekwensie.*

Spesiale voorsorgmaatreëls

Daar was geen aanmeldings van teenliggaampies teen faktor VII in hemofiliese pasiënte nie.

Pasiënte met faktor VII-gebrek

Die vorming van teenliggaampies teen NovoSeven® en FVII is die enigste nadelige reaksie wat aangemeld is in kliniese proewe van pasiënte met faktor VII-gebrek wat aan NovoSeven® blootgestel is (frekwensie: algemeen ≥1/100 tot <1/10). In twee uit vyf pasiënte met aangemelde vorming van teenliggaampies teen NovoSeven® en FVII wat in sowel kliniese proewe as na bemarking gerapporteer is, het die teenliggaampies 'n inhiberende effek *in vitro* getoon. Risiko-faktore wat tot die ontwikkeling van teenliggaampies kon bygedra het, insluitend vorige behandeling met menslike plasma en/of plasma-afgeleide faktor VII, erge mutasie van die FVII-geen, en oordosering van NovoSeven®, was aanwesig.

[no notes on this page]

Pasiënte met faktor VII-gebrek wat met NovoSeven® behandel word, moet vir faktor VII-teenliggaampies gemonitor word.

Pasiënte met faktor VII-gebrek moet beide voor en na toediening van NovoSeven® vir protrombientyd en faktor VII-stollingsaktiwiteit gemonitor word. In die geval dat die faktor VIIa-aktiwiteit versuim om die verwagte vlak te bereik of bloeding nie na behandeling met die aanbevole dosisse beheer word nie, kan die vorming van teenliggaampies vermoed word en moet ontleding vir teenliggaampies uitgevoer word.

Die risiko van trombose in pasiënte met faktor VII-gebrek wat met NovoSeven® behandel word, is onbekend.

Glanzmann se trombastenie

Een geval van angioneurotiese edeem is in 'n pasiënt met Glanzmann se trombastenie na toediening van NovoSeven® spontaan aangemeld.

Uitwerking op vermoë om motor te bestuur en masjinerie te gebruik

Geen studies oor die vermoë om motor te bestuur en masjinerie te gebruik, is uitgevoer nie.

Bekende simptome van oordosering en besonderhede van die behandeling daarvan

Dosisbeperkende toksisiteite van NovoSeven® is nie in kliniese proewe ondersoek nie.

Enkele gevalle van oordosering is in pasiënte met hemofilie aangemeld. Die enigste komplikasie wat in verband met 'n oordosering aangemeld is, was 'n

[no notes on this page]

effense en verbygaande styging in bloeddruk in 'n pasiënt van 16-jaar oud wat 24 mg rFVIIa in plaas van 5,5 mg ontvang het.
Geen gevalle van oordosering is in pasiënte met verworwe hemofilie of Glanzmann se trombastenie aangemeld nie.

In pasiënte met faktor VII-gebrek, waar die aanbevole dosis 15 - 30 µg/kg rFVIIa is, is een episode van oordosering in verband gebring met 'n trombotiese voorval (oksipitale beroerte) in 'n bejaarde (>80 jaar) manspasiënt wat met 10 – 20 keer die aanbevole dosis behandel is. Verder is die ontwikkeling van teenliggaampies teen NovoSeven® en FVII in verband gebring met oordosering in een pasiënt met faktor VII-gebrek.

Die dosiskedule moet nie doelbewus bokant die aanbevole dosisse verhoog word nie, weens die afwesigheid van inligting oor die addisionele risiko wat aangegaan mag word.
Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

Identifikasie

Vries-gedroogde poeier: 'n Wit, homogene liofilisaat
Histidien-oplosmiddel: 'n Helder, kleurlose oplossing
Hersaamgestelde produk: 'n Helder, kleurlose oplossing

Aanbieding

NovoSeven®-pakkies:

(a) NovoSeven® 1 mg (flessie/spuit-aanbieding):

- 1 x 2 ml helder, kleurlose, tipe I-glas flessie wat 1 mg (50 KIU) vries-gedroogde rekombinante stollingsfaktor VIIa bevat. Die flessie

[no notes on this page]

is toegemaak met 'n grys rubber stopper van chlorobutiel, wat verseël is met 'n goud gekleurde aluminium deksel bedek met 'n geel rooi peuter-duidelike afkniphoedjie van polipropileen.

- 1 x 3 ml helder, kleurlose, tipe I-glas voorafgevulde spuit wat 1 ml histidien-oplosmiddel vir hersamestelling bevat. Die spuit bestaan uit 'n glas romp met 'n polipropileen rugdop en bromobutiel rubber suier. Die spuit se deksel bestaan uit bromobutiel rubber en 'n polipropileen peuter-duidelike seël. Die suierstafie is gemaak van polipropileen.

(b) NovoSeven® 2 mg (flessie/spuit-aanbieding):

- 1 x 2 ml helder, kleurlose, tipe I-glas flessie wat 2 mg (100 KIU) vries-gedroogde rekombinante stollingsfaktor VIIa bevat. Die flessie is toegemaak met 'n grys rubber stopper van chlorobutiel, wat verseël is met 'n goud gekleurde aluminium deksel bedek met 'n ligblou peuter-duidelike afkniphoedjie van polipropileen.
- 1 x 3 ml helder, kleurlose, tipe I-glas voorafgevulde spuit wat 2 ml histidien-oplosmiddel vir hersamestelling bevat. Die spuit bestaan uit 'n glas romp met 'n polipropileen rugdop en bromobutiel rubber suier. Die spuit se deksel bestaan uit bromobutiel rubber en 'n polipropileen peuter-duidelike seël. Die suierstafie is gemaak van polipropileen.

(c) NovoSeven® 5 mg (flessie/spuit-aanbieding):

- 1 x 13 ml helder, kleurlose, tipe I-glas flessie wat 5 mg (250 KIU) vries-gedroogde rekombinante stollingsfaktor VIIa bevat. Die flessie is toegemaak met 'n grys rubber stopper van chlorobutiel,

[no notes on this page]

wat verseël is met 'n goud gekleurde aluminium deksel bedek met 'n ligblou peuter-duidelike afkniphoedjie van polipropileen.

- 1 x 10 ml helder, kleurlose, tipe I-glas voorafgevulde spuit wat 5 ml histidien-oplosmiddel vir hersamestelling bevat. Die spuit bestaan uit 'n glas romp met 'n polipropileen rugdop en bromobutiel rubber suier. Die spuit se deksel bestaan uit bromobutiel rubber en 'n polipropileen peuter-duidelike seël. Die suierstafie is gemaak van polipropileen.

Die NovoSeven®-poeier in flessie/histidien-oplosmiddel in spuitproduk-aanbieding kom met 'n flessiepasstuk.

Bewaringsinstruksies

Bewaar poeier en oplosmiddel teen of benede 25 °C.

Bewaar poeier en oplosmiddel met beskerming teen lig.

Moenie flessies met poeier en oplosmiddel of voorafgevulde spuit uit die oorspronklike buitenste kartondosie verwyder nie, om dit teen lig te beskerm.

Vermy bevriesing om skade aan die flessie met oplosmiddel of die voorafgevulde spuit te verhoed.

Moenie die hersaamgestelde oplossing bevries nie.

Na samestelling, is chemiese en fisiese bestendigheid vir 6 uur teen 25 °C en vir 24 uur teen 2 - 8 °C gedemonstreer.

Gooi enige ongebruikte produk veilig weg volgens die instruksies van u lid van die mediese beroep.

Moenie na die vervaldatum gebruik nie.

Hou buite die sig en bereik van kinders.

[no notes on this page]

Registrasienommers

d) NovoSeven® 1 mg: Vries-gedroogde poeier en 1 ml histidien-oplosmiddel voorafgevulde spuit: 44/8.1/0550

e) NovoSeven® 2 mg: Vries-gedroogde poeier en 2 ml histidien-oplosmiddel voorafgevulde spuit: 44/8.1/0551

f) NovoSeven® 5 mg: Vries-gedroogde poeier 5 ml histidien-oplosmiddel voorafgevulde spuit: 44/8.1/0552

Naam en besigheidsadres van die houer van die registrasiesertifikaat

Novo Nordisk (Edms) Bpk

2de Verdieping, Gebou A

345 Rivonia Boulevard

Edenburg, Rivonia

Sandton, 2128

Datum van publikasie van hierdie pakkievoubiljet

08 Januarie 2014

NS2 NovoSeven® 2 mg - Namibië se Regnr.: 11/30.3/0214

[no notes on this page]

Always use an aseptic technique

NOVOSEVEN® USER INSTRUCTIONS

NovoSeven® Powder in vial/Histidine solvent in syringe

Instructions on how to use NovoSeven®

READ THESE INSTRUCTIONS CAREFULLY BEFORE USING NOVOSEVEN®

NovoSeven® is supplied as a powder. Before injection (administration) it must be reconstituted with the solvent supplied in the syringe. The solvent is a histidine solution. The reconstituted NovoSeven® must be injected into your vein (intravenous injection). The equipment in this package is designed to reconstitute and inject NovoSeven®.

You will also need an infusion set (tubing and butterfly needle), sterile alcohol swabs, gauze pads and plasters. These devices are not included in the NovoSeven® package.

Do not use the equipment without proper training from your doctor or nurse.

Always wash your hands and ensure that the area around you is clean.

When you prepare and inject medication directly into the vein, it is important **to use a clean and germ free (aseptic) technique**. Improper technique can introduce germs that can infect the blood.

Do not open the equipment until you are ready to use it.

Do not use the equipment if it has been dropped, or if it is damaged. Use a new package instead.

Do not use the equipment if it is expired. Use a new package instead. The expiry date is printed after 'EXP' on the outer carton, on the vial, on the vial adapter and on the pre-filled syringe.

Do not use the equipment if you suspect it is contaminated. Use a new package instead.

Do not dispose of any of the items until after you have injected the reconstituted solution.

[no notes on this page]

The equipment is for single use only.

Contents

The package contains:

- 1 vial with NovoSeven® powder
- 1 vial adapter
- 1 pre-filled syringe with solvent
- 1 plunger rod (placed under the syringe)

Overview

Vial with NovoSeven powder



Vial adapter



[no notes on this page]

Pre-filled syringe with solvent



Plunger rod

1. Prepare the vial and the syringe • **Take out the number of NovoSeven® packages you need.** • **Check the expiry date.** • **Check the name, strength and colour** of the package, to make sure it contains the correct product. • **Wash your hands** and dry them properly using a clean towel or air dry. • Take the vial, the vial adapter and the pre-filled syringe out of the carton. **Leave the plunger rod untouched in the carton.** • **Bring the vial and the pre-filled syringe to room temperature** (not above 37 °C). You can do this by holding them in your hands until they feel as warm as your hands. • **Do not use any other way to warm** the vial and pre-filled syringe.	
• **Remove the plastic cap** from the vial. **If the plastic cap is loose or missing, do not use the vial.** • **Wipe the rubber stopper** with a sterile alcohol	

[no notes on this page]

swab and allow it to air dry for a few seconds before use to ensure that it is as germ free as possible. • **Do not touch the rubber stopper with your fingers as this can transfer germs.**	
2. Attach the vial adapter • **Remove the protective paper** from the vial adapter. **If the protective paper is not fully sealed or if it is broken, do not use the vial adapter.** • **Do not take the vial adapter out of the protective cap with your fingers.** If you touch the spike on the vial adapter germs from your fingers can be transferred.	
• **Place the vial on a flat and solid surface.** • **Turn over the protective cap,** and snap the vial adapter onto the vial. **Once attached, do not remove the vial adapter from the vial.**	
• Lightly **squeeze the protective cap** with your thumb and index finger as shown. **Remove the protective cap** from the vial adapter. **Do not lift the vial adapter from the vial** when removing the protective cap.	
3. Attach the plunger rod and the syringe • Grasp the plunger rod by the wide top-end and take it out of the carton. **Do not touch the sides or the thread of the plunger rod.** If you touch the sides or the thread, germs from your fingers can be transferred. **Immediately** connect the plunger rod to the	

[no notes on this page]

syringe by turning it clockwise into the plunger inside the pre-filled syringe until resistance is felt.	
• **Remove the syringe cap** from the pre-filled syringe by bending it down until the perforation breaks. **Do not touch the syringe tip under the syringe cap.** If you touch the syringe tip, germs from your fingers can be transferred. **If the syringe cap is loose or missing, do not use the pre-filled syringe.**	
• **Screw the pre-filled syringe securely** onto the vial adapter until resistance is felt.	
4. Reconstitute the powder with the solvent • **Hold the pre-filled syringe slightly tilted** with the vial pointing downwards. • **Push the plunger rod** to inject all the solvent into the vial.	
• **Keep the plunger rod pressed down and swirl** the vial gently until all the powder is dissolved. **Do not shake the vial as this will cause foaming.** • **Check the reconstituted solution.** It must be colourless. **If you notice visible particles or discolouration, do not use it.** Use a new package instead.	

[no notes on this page]

Use the reconstituted NovoSeven® at once to avoid infections.

If you cannot use it at once, see section *Storage instructions* in the package insert. Do not store the reconstituted solution without advice from your doctor or nurse.

(I)
If your dose requires more than one vial, repeat steps **A** to **J** with additional vials, vial adapters and pre-filled syringes until you have reached your required dose.

- **Keep the plunger rod pushed completely in.**
- **Turn the syringe** with the vial upside down.
- **Stop pushing the plunger rod and let it move back** on its own while the reconstituted solution fills the syringe.
- **Pull the plunger rod slightly downwards** to draw the reconstituted solution into the syringe.
- In case you only need part of the reconstituted solution, use the scale on the syringe to see how much of the solution you withdraw, as instructed by your doctor or nurse.
- If, at any point, there is too much air in the syringe, inject the air back into the vial.
- While holding the vial upside down, **tap the syringe gently** to let any air bubbles rise to the top.
- **Push the plunger rod** slowly until all air bubbles are gone.



- **Unscrew the vial adapter** with the vial.
- **Do not touch the syringe tip.** If you touch the syringe tip, germs from your fingers can be transferred.



Injecting NovoSeven® with pre-filled syringe via needleless connectors for intravenous (IV) catheters

Caution: The pre-filled syringe is made of glass and is designed to be compatible with standard luer-lock connections. Some needleless connectors with an internal spike are incompatible with the pre-filled syringe. This incompatibility may prevent administration of the drug and/or result in damage to the needleless connector.

[no notes on this page]

Follow the instructions for use for the needleless connector. Administration through a needleless connector may require withdrawal of the reconstituted solution into a standard 10 ml sterile luer-lock plastic syringe. This should be done right after step J.

5. Inject the reconstituted solution

NovoSeven® is now ready to inject into your vein.

- Inject the reconstituted solution as instructed by your doctor or nurse.
- Inject slowly over 2 to 5 minutes.

Injecting the solution via a central venous access device (CVAD) such as a central venous catheter or a subcutaneous port:

- Use a clean and germ free (aseptic) technique. Follow the instructions for proper use for your connector and CVAD in consultation with your doctor or nurse.
- Injecting into a CVAD may require using a sterile 10 ml plastic syringe for withdrawal of the reconstituted solution.
- If the CVAD line needs to be flushed before or after NovoSeven® injection, use sodium chloride 9 mg/ml solution for injection.

Disposal

- **After injection, safely dispose** of the syringe with the infusion set, the vial with the vial adapter, any unused NovoSeven® and other waste materials as instructed by your doctor or nurse.
- Do not throw it out with the ordinary household waste.

Do not disassemble the equipment before disposal.

Do not reuse the equipment.

[no notes on this page]

Gebruik altyd 'n aseptiese tegniek

GEBRUIKERSAANWYSINGS VIR NOVOSEVEN®

NovoSeven®-poeier in flessie/histidien-oplosmiddel in spuit

Aanwysings oor die gebruik van NovoSeven®

LEES HIERDIE AANWYSINGS NOUKEURIG DEUR VOORDAT NOVOSEVEN® GEBRUIK WORD

NovoSeven® word as 'n poeier voorsien. Voor inspuiting (toediening) moet dit hersaamgestel word met die oplosmiddel wat in die spuit voorsien word. Die oplosmiddel is 'n histidienoplossing. Die hersaamgestelde NovoSeven® moet in 'n aar (binneaarse inspuiting) ingespuit word. Die toerusting in hierdie pakkie is ontwerp vir die hersamestelling en inspuiting van NovoSeven®.

Jy sal 'n infusiestelletjie nodig hê (buisie en vlindernaald), steriele alkoholdeppers, gaaskussinkies en pleisters. Hierdie toerusting word nie by die NovoSeven®-pakkie ingesluit nie.

Moenie die toerusting sonder behoorlike opleiding van jou dokter of verpleegkundige gebruik nie.

Was altyd jou hande en maak seker dat die area om jou skoon is.

Wanneer jy medikasie voorberei en reguit in 'n aar inspuit, is dit belangrik om 'n **skoon en kiemvrye (aseptiese) tegniek te gebruik**. Onbehoorlike tegniek kan kieme laat inkom wat die bloed kan besmet.

[no notes on this page]

Moenie die toerusting oopmaak totdat jy gereed is om dit te gebruik nie.

Moenie die toerusting gebruik as dit geval het of beskadig is nie. Gebruik eerder 'n nuwe pakkie.

Moenie die toerusting gebruik as dit verval het nie. Gebruik eerder 'n nuwe pakkie. Die vervaldatum is na 'EXP' op die buitenste kartondosie gedruk, en ook op die flessie, op die flessiepasstuk en op die voorafgevulde spuit.

Moenie die toerusting gebruik as jy vermoed dat dit besoedel is nie. Gebruik eerder 'n nuwe pakkie.

Moenie enige van die items weggooi tot nadat jy die hersaamgestelde oplossing ingespuit het nie.

Die toerusting is slegs vir enkele gebruik.

Inhoud

Die pakkie bevat:

- 1 flessie met NovoSeven®-poeier
- 1 flessiepasstuk
- 1 voorafgevulde spuit met oplossing
- 1 suierstaaf (onder die spuit geplaas)

[no notes on this page]

Oorsig

Flessie met NovoSeven-poeier





Voorafgevulde spuit met oplosmiddel



Suierstafie



[no notes on this page]

1. Berei die flessie en die spuit voor

- **Haal die aantal pakkies NovoSeven® wat u nodig het uit.**
- **Kontroleer die vervaldatum.**
- **Kontroleer die naam, sterkte en kleur** van die pakkie, om seker te maak dat dit die korrekte produk bevat.
- **Was u hande** en droog dit behoorlik af met 'n skoon handdoek of lugdroog.
- Haal die flessie, die flessiepasstuk en die voorafgevulde spuit uit die kartondosie. **Los die suierstafie onaangeraak in die kartondosie.**
- **Bring die flessie en voorafgevulde spuit na kamertemperatuur** (hoogstens 37 °C). U kan dit doen deur dit in u hande vas te hou totdat dit so warm as u hande voel.
- **Moenie enige ander manier gebruik om die** flessie en voorafgevulde spuit **warm te maak nie.**



- **Verwyder die plastiekdeksel** van die flessie. **As die plastiekdeksel los is of ontbreek, moenie die flessie gebruik nie.**
- **Vee die rubber stopper** af met 'n steriele alkoholdepper en laat dit vir 'n paar sekondes voor gebruik lugdroog word om te verseker dat dit so kiemvry as moontlik is.
- **Moenie met u vingers aan die rubber stopper raak nie, want dit kan kieme oordra.**

2. Heg die flessiepasstuk vas

- **Verwyder die beskermende papier** van die flessiepasstuk.

  As die beskermende papier nie heeltemal verseël is nie, of stukkend is, moenie die flessiepasstuk gebruik nie.

- **Moenie die flessiepasstuk met u vingers uit die beskermende hoedjie haal nie.** As u die skerp punt op die flessiepasstuk aanraak, kan kieme van u vingers oorgedra word.

- **Plaas die flessie op 'n plat en soliede**

[no notes on this page]

oppervlakte. • **Draai die beskermende hoedjie om,** en knip die flessiepasstuk aan die flessie vas. **Sodra vasgeheg, moenie die flessiepasstuk van die flessie verwyder nie.**	
• **Druk die beskermende hoedjie** liggies met u duim en voorvinger vas, soos getoon. **Verwyder die beskermende hoedjie** van die flessiepasstuk af. **Moenie die flessiepasstuk van die flessie aflig** wanneer die beskermende hoedjie verwyder word nie.	
3. Heg die suierstafie aan die spuit vas. • Hou die suierstafie aan die wye bopunt vas en haal dit uit die kartondosie. **Moenie aan die kante of die skroefdraad van die suierstafie vat nie.** As u aan die kante of die skroefdraad raak, kan kieme van u vingers oorgedra word. Maak die suierstafie **onmiddellik** aan die spuit vas deur dit kloksgewys in die voorafgevulde spuit in te draai totdat weerstand gevoel word.	
• **Veryder die spuitdeksel** van die voorafgevulde spuit deur dit afwaarts te buig totdat die perforasie breek. **Moenie aan die spuit se punt onder die spuitdeksel raak nie.** As u die punt van die spuit aanraak, kan kieme van u vingers oorgedra word. **As die spuitdeksel los is of ontbreek, moenie die voorafgevulde spuit gebruik nie.**	
• **Skroef die voorafgevulde spuit ferm aan die** flessiepasstuk vas totdat weerstand gevoel word.	

[no notes on this page]

4. Hersamestelling van die poeier met die oplosmiddel

- **Hou die voorafgevulde spuit effens gekantel** met die flessie wat ondertoe wyse.
- **Druk die suierstafie in** om al die oplosmiddel in die flessie in te spuit.



- **Hou die suierstafie afgedruk en draai die** flessie saggies totdat al die poeier opgelos is. **Moenie die flessie skud nie, want dit sal skuim veroorsaak.**
- **Kontroleer die hersaamgestelde oplossing.** Dit moet kleurloos wees. **As u enige sigbare partikels of verkleuring opmerk, moet dit nie gebruik nie.** Gebruik eerder 'n nuwe pakkie.



Gebruik die hersaamgestelde NovoSeven® dadelik om infeksie te vermy.

As u dit nie dadelik kan gebruik nie, verwys na die afdeling *Bewaringsinstruksies* in die pakkievoubiljet. Moenie die hersaamgestelde oplossing bewaar sonder om eers u dokter of verpleegkundige te raadpleeg nie.

(I)
As u dosis meer as een flessie vereis, herhaal stappe **A** tot **J** met bykomende flessies, flessiepasstukke en voorafgevulde spuite totdat u u vereiste dosis bereik het.

[no notes on this page]

- **Hou die suierstafie heeltemal ingedruk.**
- **Draai die spuit** met die flessie onderstebo.
- **Hou op om die suierstafie te druk en laat dit vansself** terugbeweeg terwyl die hersaamgestelde oplossing die spuit vul.
- **Trek die suierstafie effens afwaarts** om die hersaamgestelde oplossing in die spuit in te trek.
- In die geval dat u net deel van die hersaamgestelde oplossing nodig het, gebruik die skaal op die spuit om te sien hoeveel van die oplossing u uittrek, volgens u dokter of verpleegkundige se instruksies.
- Indien daar op enige tydstip teveel lug in die spuit is, spuit die lug terug in die flessie in.
- Terwyl die flessie onderstebo gehou word, **tik die spuit saggies** om enige lugborrels boontoe te laat styg.
- **Druk die suierstafie** stadig totdat al die lugborrels weg is.



- **Skroef die flessiepasstuk** met die flessie af.
- **Moenie aan die punt van die spuit raak nie.** As u die spuit se punt aanraak, kan kieme van u vingers oorgedra word.



Inspuiting van NovoSeven® met voorafgevulde spuit deur middel van naaldlose koppelstukke/verbinders vir intraveneuse (IV) kateters

Waarskuwing: Die voorafgevulde spuit is gemaak van glas en is ontwerp om verenigbaar te wees met standaard-*luer*-slotverbinders. Party naaldlose koppelstukke met 'n interne steekpunt is nie met die voorafgevulde spuit verenigbaar nie. Hierdie onverenigbaarheid mag toediening van die medikasie verhoed en/of skade aan die naaldlose koppelstuk tot gevolg hê.

Volg die instruksies vir gebruik van die naaldlose koppelstuk. Toediening deur 'n naaldlose koppelstuk mag vereis dat die hersaamgestelde oplossing in 'n standaard- 10 ml steriele *luer*-slotplastiekspuit ingetrek word. Dit moet onmiddellik na stap J gedoen word.

5. Spuit die hersaamgestelde oplossing in

NovoSeven® is nou gereed om in u aar ingespuit te word.

[no notes on this page]

- Spuit die hersaamgestelde oplossing volgens u dokter of verpleegkundige se instruksies in.

- Spuit stadig oor 2 tot 5 minute in.

Inspuiting van die oplossing deur middel van 'n sentrale veneuse toegangtoestel (SVTT) soos 'n sentrale veneuse kateter of 'n subkutane poort:

- Gebruik 'n skoon en kiemvrye (aseptiese) tegniek. Volg die instruksies vir behoorlike gebruik van u verbinder en SVTT in konsultasie met u dokter of verpleegkundige.
- Inspuiting in 'n SVTT mag gebruik van 'n steriel 10 ml plastiekspuit vir onttrekking van die hersaamgestelde oplossing vereis.
- As die SVTT-lyn voor of na inspuiting van NovoSeven® uitgespoel moet word, gebruik natriumchloried 9 mg/ml oplossing vir inspuiting.

Wegdoening

- **Na inspuiting, raak veilig ontslae** van die spuit met die infusie-stelletjie, die flessie met die flessiepasstuk, enige ongebruikte NovoSeven® en ander afvalmateriaal volgens die opdrag van u dokter of verpleegkundige.

- Moenie enige hiervan in die gewone huishoudelike vullis weggooi nie.

Moenie die toerusting uitmekaar haal voordat dit weggegooi word nie.

Moenie die toerusting weer gebruik nie.

[no notes on this page]

[no notes on this page]